**NAMIBIA SENIOR SECONDARY CERTIFICATE**

# FIRST LANGUAGE AFRIKAANS ORDINARY LEVEL 6094/1

PAPER 1 Reading and Directed Writing — 2 hours 30 minutes

Marks 70 — **2022**

Additional Materials: Answer Book

## INSTRUCTIONS AND INFORMATION FOR CANDIDATES

- Write your answers in the Answer Book provided.
- Write your Centre Number, Candidate Number and Name in the spaces on the Answer Book.
- Write in dark blue or black pen.
- Do not use correction fluid.
- Answer **all** questions.
- You should pay attention to spelling, punctuation and handwriting.
- The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR KANDIDATE

- Beantwoord die vrae in die Antwoordboek.
- Skryf jou Sentrumnommer, Kandidaatnommer en Naam in die spasies op die Antwoordboek.
- Skryf met ’n donkerblou of swart pen.
- Moenie vloeibare uitwisser gebruik nie.
- Beantwoord **al** die vrae.
- Gee spesiale aandag aan spelling, leestekens en handskrif.
- Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van ’n vraag gegee.

ORDINARY LEVEL

This document consists of **6** printed pages and **2** blank pages.

**Republic of Namibia**

**MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE**

© MoEAC/DNEA

## AFDELING 1

Lees **leesstuk A** aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**Leesstuk A**

### As die musiek begin speel

*Deur Irna van Zyl*

Vandag is 20 jaar sedert Karen Zoid se unieke weergawe van "Afrikaners is plesierig" die rockwêreld soos 'n atoombom getref het. Sy was die eerste vroulike rocker in Afrikaans en is bekend vir haar ysterstem, leerbaadjie en warm rock-kitaar.

So skuins na veertig vloei die kreatiwiteit steeds in Karen Zoid. Sy is nou ook 'n sakevrou, ma en televisie-aanbieder. Zoid sien haarself eerstens as 'n liedjieskrywer, maar sy hou ook baie daarvan om op die verhoog voor gehore op te tree.

Volgens Zoid is daar baie vryheid daarin om 'n gevestigde kunstenaar te wees en geld te hê om jou eie werk te finansier. Sy wil altyd haar eie roetine skep. Beplanning en skedulering is die sleutelfaktore in haar loopbaan. Sy kan 14 uur 'n dag werk as sy 'n spertyd het – mits die werk skeppend en vervullend is. As dit by musiek kom, sal sy dit die hele dag lank doen.

Karen Zoid het by 'n kunsskool in Johannesburg skoolgegaan. Haar ouers was rock-aanhangers en haar hele familie speel musiekinstrumente. Sy het eers regte geld verdien toe sy so 21 of 22 was en 'n kontrak van ses maande gekry het om in Café Barcelona, in Pretoria op te tree. Voorheen het sy in Melville in Johannesburg se strate gesing en film gestudeer.

Zoid word beskryf as 'n kunstenaar wat eers grense toets en dan daardie einste grense skuif. "As jy iets wil verander – binne-in jou maatskappy of waar ookal – moet jy eers verstaan hoekom dinge so is."

Haar sorgvrye jare is verby, die lewe het haar grootmens gemaak, sê die bekende rocker en ma. As enkelma het sy en haar seun, Ben, baie pret. Hulle hardloop met jeans in die see en geniet die lewe as 'n avontuur. Weg is die wilder en vryer jonger dae toe sy tot laat snags gerepeteer en gejol het. Nou, soos die afgelope tien jaar, werk sy eerder soggens. Sy skryf waar sy ook al gaan. Op 'n vliegtuig, in haar bed, in die repeteersaal van Mothership, haar ateljee. In dié smaakvol ingerigte ateljee is 'n versameling Saftas (toekennings vir film en televisie) vir onder meer die gewilde geselsprogram *Republiek van Zoid Afrika*.

Zoid hou daarvan om om die beurt Afrikaanse en Engelse albums te maak. "Daar is iets daaraan om in jou moedertaal te sing, dis amper 'n spirituele ervaring. Maar om in Engels te kommunikeer is 'n voorreg. Vir my is Afrikaans soos om 'n akoestiese kitaar te speel, Engels soos 'n elektriese kitaar." Sy glo ook as jy 'n rol wil speel in Suid-Afrika moet jy bereid wees om ook in Engels, Zoeloe of Xhosa te werk. Dis belangriker as ooit dat mense nie net oor kleurgrense nie, maar ook oor taalgrense uitreik.

As promosie vir die eerste deel van die album *Op die oomblik* twee jaar gelede, het sy 'n musiekvideo met animasie gemaak, asook 'n kortfliek vir KykNet met al die musiek en gedigte wat sy self geskryf het.

Zoid maak tyd om musiek te skryf. Die inspirasie kom as jy tyd maak. Sy glo skryf kom nie as jy nie lees nie: koerante, boeke, tydskrifte. Sy glo kreatiwiteit gebeur wanneer jy lees.

Tot dusver het Karen Zoid die album *68 songs* saam met ander kunstenaars opgeneem: uiteenlopende mense soos Jack Parow, Eno Adams, Rina Hugo en andere. Haar versameling *Covers* saam met Afrikaanse kunstenaars is ’n skat.

Sy dink daar is ’n skatkis van Afrikaanse musiek. “Daar’s soveel wat ons nog kan gebruik. Mense moet ophou soek na nuwe dinge. Dit wat ons het, moet ons ook koester en bewaar.”

Zoid glo mens moenie kommunikasiekanale toestop nie. Twitter-gevegte lei nóóit tot oplossings nie. “As almal in die parlement skree, kan jy niemand hoor nie. Maak hulle stil, dan kom die wapens uit. Jy het vredemakers nodig. Jy’s nie swak as jy probéér vrede maak met iemand wat nie dieselfde mening as jy het nie.”

Verlede jaar is *Republiek van Zoid Afrika Live* in die Sun Arena in Pretoria-Oos voor agtduisend mense aangebied. “Ek het al vir meer mense gespeel, maar dié een was die langste wat ek tot nog toe op die verhoog was – drie en ’n halfuur sonder verposing. Die energie was ongelooflik.” Die sesde reeks van *Republiek van Zoid Afrika* is tans op kykNet. Zoid vier vanjaar twintig jaar in die musiekbedryf.

Sy is openhartig oor haar moeilike lewe as kind. Dit het daartoe gelei dat sy inwoners van kinderhuise en aftree-oorde ondersteun en ’n aktivis is wat teen geweld teen vroue baklei. Maar sy raak nie in politiek betrokke nie.

Karen Zoid beskryf haarself as ’n ekshibisionistiese kluisenaar, ’n ambisieuse luiaard, bang vir honde en gewere, ’n klankslaaf. Haar gesin kom eerste, haar vriende is haar familie, sy lag partykeer te veel. Op haar beste is sy eerlik en lojaal en op haar slegste is sy te reguit en onwetend ongevoelig.

*(Verwerk: Rooi Rose, September 2019)*

Skryf by vraag **1** tot **3** telkens slegs die nommer van die korrekte antwoord in jou antwoordboek (**bv. 1 B**).

**1** Karen Zoid se sukses kan onder andere daaraan toegeskryf word dat

- **A** die lewe van haar ’n grootmens gemaak het.
- **B** sy nie betrokke raak by politiek nie.
- **C** sy nie gevegte op Twitter voer nie.
- **D** sy tot veertien uur per dag kan werk. [1]

**2** Zoid se grootste prestasie in die musiekwêreld is

- **A** dat sy musiek en gedigte vir ’n kortfliek geskryf het.
- **B** dat sy in beide Afrikaans en Engels kan sing.
- **C** haar grensverskuiwende en gehalte optredes.
- **D** haar liedjies saam met Jack Parow en Eno Adams. [1]

**3** Karen Zoid se veelsydigheid en kreatiwiteit blyk daaruit dat sy

**A** bereid is om in Afrikaans, Engels, Xhosa en Zoeloe te werk.

**B** ’n aktivis is vir kinderhuise, ouetehuise en geweld teen vroue.

**C** ’n sakevrou, liedjieskrywer en televisie-aanbieder is.

**D** ’n smaakvolle, ingerigte ateljee Mothership besit. [1]

**4** Bespreek hoe Karen Zoid se werkslewe oor die afgelope 20 jaar verander het. [4]

**5** Bespreek hoe taal deur die skrywer van die artikel gebruik word om Zoid se waardering en houding teenoor Afrikaans en Afrikaanse musiek oor te dra. [3]

**[10]**

**6** Jy is die voorsitter van jou skool se kultuurvereniging.

Skryf ’n **brief** aan Karen Zoid waarin jy haar uitnooi om by julle skool te kom optree. Motiveer waarom julle besluit het om juis háár te nooi.

Jy moet van die inligting in die leesstuk gebruik.

Die lengte van die brief moet ongeveer **1½ bladsy** wees. **[20]**

## AFDELING 2

Lees **leesstuk B** aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**Leesstuk B**

### Laurika se nostalgie

*Deur Christiaan J de Swardt*

Laurika Rauch is in die oë van talle Suid-Afrikaners en selfs buitelandse musiekliefhebbers 'n ikoon in die Afrikaanse musiekbedryf. Sy word selfs deur enkele persone as die musiek-ma van ons menswees beskou.

Haar loopbaan in die vermaakbedryf het in 1976 as aktrise begin. In 1977 het sy deelgeneem aan die TV-program *Fyn net van die woord*. Daarna volg haar vertolking van Koos du Plessis se "Kinders van die Wind" vir 'n TV-reeks. Later dieselfde jaar is haar eerste album, *Debuut*, ook uitgereik.

Die afgelope vier dekades verryk hierdie musiek-ikoon die Suid-Afrikaanse kultuurskat met tydlose liedjies. Al die musiek wat sy deur die jare opgeneem het, is nou op 'n versamelstel, *Laurika Rauch – 40 jaar*, met 'n beperkte oplaag beskikbaar. Oor die Laurika Rauch – 40 jaar-versamelstuk is sy passievol. Sy het ook haar 15de album, *'n Versameling*, spesiaal by dié versameling ingesluit. Hiermee wou sy haar 40 jaar in die bedryf vier.

Rauch is by uitstek 'n vertolker. Sy is veral bekend vir haar interpretasie van bekende werke in uiteenlopende genres. Haar kabaretskeppings van Jacques Brel in die laat 1980's in die Chelsea-teater in Hillbrow is eiesoortig. Vir Laurika is perfeksie en voorbereiding van die grootste belang. Sy is grootgemaak in die teater en op die verhoog. Sy is ook veral trots op haar verhoogwerk. "Dit is waarvoor ek graag onthou sal wil word."

Rauch se talent is met sewe toekennings vir lewenslange bydrae vereer. Sy en haar man, Chris Torr, die skrywer van haar grootste treffers, soos "Stuur groete aan Mannetjies Roux", "Die gang", "Op Blouberg se strand", "Die mense op die bus" en "Hot Gates", is onlangs by Innibos vereer. Haar huwelik en die geboorte van hulle twee kinders tel vir Laurika as van haar grootste hoogtepunte.

Hoewel Laurika aanvanklik geen verwagtinge van die musiektoneel gekoester het nie het sy later oral oor die wêreld opgetree. Rauch onthou haar oorsese reise en optredes soos gister. "Met die drie *UKkasie*-vertonings by onder andere die Wembley-stadion en die Royal Albert-saal in Londen het ek saam met my orkes opgetree." Sy het ook aan die begin van die 1990's in Utrecht in Holland by die Prins van Oranjehal saam met die Metropole Orkest opgetree. Dit was vir haar 'n fantastiese hoogtepunt. Sy het ook twee keer in Praag, haar hart se punt, opgetree.

Laurika pak gedurig nuwe dinge aan en werk dikwels saam met ander kunstenaars. Sy het ook saam met groot name in die bedryf gewerk, bv. Loki Rothman, en tydens die *Afrikaans is Groot*-konserte saam met Die Heuwels Fantasties. As kunstenaar het sy 'n gefokusde, professionele benadering tot musiek. "Musiek behoort eg, onderleg, intelligent, oorspronklik, spontaan skeppend, vernuwend en verrassend te wees."

Nie net word Laurika Rauch op 16 Oktober (Internasionale Woordeboekdag) ook beskermvrou van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* se Borg 'n Woord-projek nie, maar is sy ook in die Sun Arena by Times Square in Pretoria ingesluit as 135ste lid van die Suid-Afrikaanse Heldesaal. Ander Suid-Afrikaners wat daar opgeneem is, is onder andere

Nelson Mandela, Joost van der Westhuizen en Gé Korsten. 'n Emosionele Karen Zoid het 'n aandenking aan haar oorhandig waartydens Rauch deur 8 000 mense toegejuig is.

Die musiekbedryf het deur die jare heelparty veranderinge ondergaan: van vinielplate na kasset, na CD, en toe aflaaibare musiek, stroom – en weer viniel. Volgens Rauch is die volgende fase virtuele musiek (en virtuele konserte).

Laurika is ook opgewonde oor die verskillende style in Afrikaanse musiek en die uiteenlopende behoeftes van musiekliefhebbers en -ondersteuners. Sy noem twee strome in plaaslike ligte musiek: die liedjieskrywers/sangers en die vermaaklikheidskunstenaars. Afrikaanse musiek stel uiteenlopende gehore tevrede. Daar is nis-kunstenaars, rockers, liedjieskrywer-sangers, die alternatiewe kunstenaars, popsterre en nog baie meer.

Die musiekbedryf het ook sy eie politiek – iets waarvan sy nog al die jare weggeskram en nooit by betrokke geraak het nie. Sy glo 'n musikant moet geloofwaardig wees, hard kan werk en baie opofferings maak – ook vir die mense om jou vir wie jy lief is en wat jou dra, want hulle offer baie op.

Laurika Rauch is die vergestalting van kreatiewe professionaliteit en deurwinterde talent.

*(Verwerk: Rooi Rose, September 2019)*

**7** Gebruik die inligting in leesstuk **A** en **B** om die volgende opdrag uit te voer.

Skryf in 'n **opsomming** oor die redes waarom Karen Zoid en Laurika Rauch as ikone in die musiekbedryf in Suid-Afrika beskou word. **[20]**

**8** Jy moet 'n **onderhoud** met Laurika Rauch vir 'n gesinstydskrif voer oor haar professionele loopbaan gedurende die afgelope 40 jaar.

Gebruik inligting uit Leesstuk **B**

Jou onderhoud moet ongeveer **1** tot **1½ bladsye** lank wees **[20]**

**BLANK PAGE**

**BLANK PAGE**

The DNEA acknowledges the usage and reproduction of third party copyright material in the NSSC Assessment, **with and without permission** from the copyright holder. The Namibian Government Copyright Act allows copyright material to be used limitedly and fairly for educational and non-commercial purposes.

The Directorate of National Assessment and Examinations operates under the auspices of the Ministry of Education, Arts and Culture in Namibia.

© MoEAC/DNEA